
© Die Oratorium Uitgewery

# St. Johannes I

## 18 Mei

(sterf 526)

Hy is gebore in Toskane in die noorde van Italië en hy was 'n diaken toe hy op 13 Augustus 523 vir Hormisdas as pous opvolg. Op daardie tydstip is Italië oorheers deur die Oosgote wat aanhangers was van die Ariaanse dwaalleer. Hul koning, Theodorik, stuur pous Johannes op 'n baie moeilike missie na Konstantinopel om die Bisantynse keiser te oortuig om nie die Ariane in sy ryk te dwing om die ortodokse Christelike geloof aan te neem nie. Hy was die eerste pous om Konstantinopel te besoek en sy tydjie daar was 'n groot sukses. By sy terugkeer vind hy egter dat die agterdogtige koning hom as 'n verraaier beskou het. Hy is in die tronk gegooi waar hy uiteindelik aan mishandeling en honger beswyk het. Onder die gelowiges is hy as 'n heilige martelaar beskou en hy is in die basiliek van St. Petrus in Rome begrawe.